basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V2

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA**)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys op bladsy 5 om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**			
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1. "Op sy branderplank"	Opstelvraag	10	6
2. "Elegie vir my toekomstige vrou"	Kontekstuele vraag	10	7
3. "Susan Boyle"	Kontekstuele vraag	10	9
4. "Vroue van Vermeer"	Kontekstuele vraag	10	10
EN **Ongesiene gedig: Verpligtend**			
5. "Hierdie jaar"	Kontekstuele vraag	10	11
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN vraag.***			
6. *Onderwêreld*	Opstelvraag	25	13
7. *Onderwêreld*	Kontekstuele vraag	25	13
8. *Manaka Plek van die Horings*	Opstelvraag	25	16
9. *Manaka Plek van die Horings*	Kontekstuele vraag	25	16
10. *Vatmaar*	Opstelvraag	25	19
11. *Vatmaar*	Kontekstuele vraag	25	19
12. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Opstelvraag	25	22
13. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Kontekstuele vraag	25	22
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN vraag.***			
14. *Krismis van Map Jacobs*	Opstelvraag	25	25
15. *Krismis van Map Jacobs*	Kontekstuele vraag	25	25
16. *Mis*	Opstelvraag	25	28
17. *Mis*	Kontekstuele vraag	25	28

***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAGNOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK (✓)
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1–4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5	1	
B: Roman (Opstel of kontekstueel)	6–13	1	
C: Drama (Opstel of kontekstueel)	14–17	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.			

AFDELING A: GEDIGTE

VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Op sy branderplank – Petra Müller

Hy waag hom weer teen horisonne.
Die see gooi son in teen sy sonne, maar skuimskuddend
deur die teug vlug hy na vore, hys hom
lugtig teen die stroom uit, en kom
staan-staan strand toe, groen
deursigtig en ook reeds gebore.

*

Die seun het see in sy mond. Hy weet
nie of dit bloed of water is nie: uit
spoeg hy dit. Met sy sagte tongpunt voel
hy wortels van sy tande af, en proe die lug
wat sag van land en kruie om hom labberlag.
Hy lig hom van die seeplank af; afwesig
skud hy nou sy kop – 'n blonde rob –
en snuit hom skoon
van wat hy was;

'n elegante, goed gesteelde lyf
wat eeue lank reeds
land toe dryf

[Bron: *Nuwe verseboek vir seniors*, Tafelberg, 1992]

In die gedig, "Op sy branderplank", word daar van klankeffekte (halfrym en klanknabootsing), stylfigure en beeldspraak gebruik gemaak om die branderplankryer se handeling op sy branderplank te beklemtoon.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Elegie vir my toekomstige vrou – André Letoit

ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou
ontmoet het nie (net soos in die
populêre liedjies)
:dit was op die skaatsbaan
of op die sessiondansvloer
of dalk by die biduur
(hoewel die soort
wat jy by bidure ontmoet
gewoonlik nie lank
hou nie)

ek het jou uitgeneem
op my motorfiets (boksburgmeer
of milky lane in hillbrow of
daai hippiekolonie in berea – ek
had altyd 'n voorliefde vir
hippiekolonies) en jy het
verlief geraak op my
toe jy my profiel in die
– nee wag – toe ek
in jou oor fluister
"ek smaak jou" (jou hare
het effens na kougom geruik – oh baby)

daarna het ek jou ouers ontmoet
hulle het my uit die huis uitgejaag
(vermoedelik vanweë my lang hare en baard –
uit die mode sedert jan van riebeeck en oom paul se tyd –
my tydsberekening is altyd verkeerd)

maar uiteindelik
het ons tóg getrou; jy was
so bly: niemand het opgedaag by die kerk nie
behalwe die dominee
en 'n paar assuransieagente
(onder andere my pa, saam met sy
vrou: gawe mense, darem,
as jy hulle leer ken; ongelukkig
ken ek hulle
nie so goed nie)

daarna het ons, soos altyd, saam
geleef (leef?) soos al die ander
mense (mense?) en

41	nie meer toptwintig
42	geluister nie;
43	ek het altyd gedog
44	ek was verlief op jou (hahaha!)
45	maar toe eers, toe vang ek
46	die hele triek:
47	alles gaan om skreeuende bybies
48	en kombuiskaste wat piep
49	en die huwelik is 'n duur prys om te betaal
50	vir 'n lewe vol platoniese dogmatiek

[Bron: *Suburbia* deur André Letoit, Perskor]

2.1 Watter TWEE woorde in die titel kan as kontrasterend beskou word? In watter opsig word die gedagte van die verlede tyd EN die toekomende tyd in versreëls 1 tot 3 oorgedra? (3)

2.2 Evalueer die geslaagdheid van die tipografiese inkeping in versreëls 4 tot 10. Motiveer jou antwoord. (1)

2.3 Verwys na versreëls 11 tot 22.

Verduidelik in watter opsig die parentese (versreël 19) die gedagte dat die spreker die sogenaamde feite opmaak, versterk EN dui aan waarom die spreker se woorde in versreël 21 en 22 geloofwaardig is teen sy verwysings na 'n "hippiekolonie". (2)

2.4 Watter VIER opeenvolgende woorde in versreëls 38 tot 42 roep die geïdealiseerde uitkoms van 'n huwelik op EN watter woord in hierdie uittreksel skakel met strofe 1? (2)

2.5 Waarom kan aangevoer word dat die spreker in die gedig met die huwelik as instelling spot? Dink jy versreël 49 en 50 kan as motivering vir die titel beskou word? Motiveer jou antwoord. (2)

[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Susan Boyle – Kobus Grobler

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van Britain's got talent
aangeja soos 'n skaap
miserabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van I dreamed a dream
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

[Bron: *Toulopers,* verse vir tieners, Lapa, 2011]

3.1 Watter verwagting oor Susan Boyle se kans tot sukses word deur die beskrywing in versreël 1 geskep? Motiveer jou antwoord. (1)

3.2 Verwys na versreëls 2 tot 6.

Watter eienskap van die beoordelaars word deur die woord "pilatusse" oorgedra? Benoem die TWEE verskillende beeldspraakvorme in versreël 3 EN versreël 6. (3)

3.3 Evalueer die geslaagdheid van die halfrym in versreël 7. Motiveer jou antwoord. (1)

3.4 Op watter manier, dink jy, word die gevolgtrekking waartoe die spreker in versreël 8 kom, uitgelig? (1)

3.5 Watter stemming heers in versreëls 1 tot 8 EN watter woord in versreëls 9 tot 14 beskryf die veranderde stemming in dié versreëls? (2)

3.6 Met watter woord in versreëls 11 tot 14 skakel die lied ("I dreamed a dream") EN in watter opsig dui Susan Boyle se "skenk" (versreël 14) op 'n ironiese oorwinning? (2)

[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Vroue van Vermeer – TT Cloete

Dit is meestal 'n mooi jong vrou.
Meestal is sy alleen binnenshuis,
dalk met 'n wit veraf brief wat sy vashou,
naby, in 'n gloeiende klein hand
voor 'n kleiner of groter oop
venster. Daar kom 'n ligte geruis
van 'n wêreld aan uit 'n land-
of groter wêreldkaart
wat teen die muurvlak oorkant
hang, daar waar seestrome en wind loop
met haar land se ganse skeepvaart.
Sy staan, sy sit, sy buk oor kant,
sy droom of sluimer
in lig wat in vlokkies of korrels brand
of dof kaats in die ruimer
ruimte van 'n skildery of spieël of in 'n wynhouer
ivoor maak, of sy speel klavesimbaal
of sy loer oor haar skouer
en dra 'n sonnende pêrel teen haar nek
se skadu. En altyd is daar lig wat áfstraal
ín in die liefs klein afgemete vertrek,
oorvloedig, uit die oop grote
universum en wat die klein aardse geslote
stilte in die onmeetlike laat asemhaal.

[Bron: *Driepas*, Tafelberg, 1989]

4.1 Watter woord in versreël 1 skep die gedagte dat nie al Vermeer se skilderye dieselfde fokuspunt het nie? (1)

4.2 Verwys na versreëls 1 tot 6.

Watter DRIE uitbeeldings van die vrou is universeel aan Vermeer se skilderye? (3)

4.3 Wat word deur die "wit veraf brief" (versreël 3) onderskeidelik op 'n letterlike EN figuurlike vlak verteenwoordig? (2)

4.4 Verduidelik die kontras in versreël 14 en 15. (1)

4.5 Verwys na die woord "oorvloedig" (aan die begin van versreël 22).

Op watter ander wyse word die gedagte van oorvloed in versreëls 20 tot 24 geskep? Watter boodskap word in dié versreëls oorgedra? (2)

4.6 Evalueer die geslaagdheid daarvan dat die gedig met "asemhaal" (versreël 24) eindig. Motiveer jou antwoord. (1)
[10]

EN

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Hierdie jaar – Linda van Wyk

Ek wil hierdie jaar
meer boeke lees.
Hierdie jaar meer
teenwoordig in die oomblik
wees.

Hierdie jaar wil ek oor alles
skryf
en behoorlik vrede maak met my
lyf.

Die jaar stadiger loop
minder praat en mooier
luister,
'n duisend kerse brand,
kaalvoet loop, voete in die sand.

Hierdie jaar wil ek meer skilder,
minder mense verwilder.
Meer berge klim en in strome
swem.

Hierdie jaar wil ek
meer van my vriende sien
dalk ook my eerste miljoen
verdien.

Die jaar wil ek vir almal wat my
raak,
wat van my as mens meer maak,
sê hulle maak baie saak.

Hierdie jaar wil ek 'n nuwe
stokperdjie leer,
die jaar omgaan met minder
seer.

Die jaar wil ek weer in die
goedheid van mense glo.

[Bron: *Pinterest* deur © Linda]

5.1 Watter retoriese middel in strofe 1 versterk die titel van die gedig? Dink jy die gebruik van die woord "meer" (versreël 2), teen die agtergrond van die res van die gedig, impliseer dat die spreker in die verlede nie boeke gelees het nie? Motiveer jou antwoord. (2)

5.2 Waarom kan aangevoer word dat versreëls 10 tot 14 kontrasterend met die res van die gedig is? (1)

5.3 Na watter DRIE vorme van kommunikasie word in versreëls 1 tot 14 verwys? (3)

5.4 Op watter tipografiese manier word die woord "seer" in versreël 30 beklemtoon? (1)

5.5 Ten spyte van woorde soos "verwilder" (versreël 16) en "seer" (versreël 30) eindig die gedig positief.

Haal 'n woord uit versreël 31 en 32 aan wat dié stelling bewys. (1)

5.6 Watter toon is oorheersend in versreël 31 en 32? Evalueer die geslaagdheid van die koeplet EN motiveer jou antwoord. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Die beginsel van oorsaak en gevolg lei dikwels tot spanning in 'n roman.

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe John se dood veroorsaak dat Greg 'n krisis ten opsigte van wie hy kan vertrou, beleef EN dui aan hoe dit daartoe lei dat hy verkeerde keuses maak. **[25]**

VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

Die eerste skooldag van my laaste skooljaar speel af soos 'n lang, boring fliek. Van die ouens is al vroeg wakker en besig om reg te maak. Ek wil vir oulaas laat slaap. Maar Plank kom klop my wakker. "Komaan, Greg, die skool se hoofseun moet seker 'n voorbeeld stel vir ons ander ouens," sê hy kamtig ernstig.

"Ek het nie myself gekies nie. Ek sal nog lê as ek wil," antwoord ek slaperig.

"O, julle spul uitverkorenes," grinnik Plank. "Hoofseun, onderhoofseun, VRL's. Julle was almal blote saketransaksies, was julle nie? Wie se pa kan die skool se budget die grootste hupstoot gee? En daai badge wat hulle op jou bors vassteek, is die kwitansie wat jy die hele blerrie jaar gaan dra!"

"Plank, moet jy my nou so crap laat voel, hè? My oë is nog nie eens behoorlik oop nie. Ek hoop nie jy maak 'n gewoonte daarvan hierdie jaar nie. Ek sluit my deur voor ek gaan slaap, try my."

"Kwanele gaan weer op jou case wees."

"Ek het hom op sy plek gesit gisteraand by die VRL-vergadering. Dis hoekom ék kan laat lê, en hý vanoggend moet sukkel om die Trappers uit hul beddens te jaag."

Plank skud sy kop, lag en loop weer.

Ek staan maar op. Op daardie oomblik kom Eckardt, die nuwe ou, by my kamer verbygestap. Natgesweet, asof hy gaan draf het. Sy oë vang myne in die verbygaan. Hardegat, dink ek weer. Ons sal nog gesels.

7.1 Watter karaktertrek van Greg blyk uit sy verwagting dat die eerste skooldag "soos 'n lang, boring fliek" (reël 1) gaan wees EN in watter opsig bewys hy sy pa se siening van hom reg deurdat hy "vir oulaas laat slaap" (reël 2)? (2)

7.2 Evalueer die funksie van Greg se opmerking in reël 5 teenoor sy houding oor sy hoofseunskap EN die ander matrieks se houding teenoor sy leiersposisie. Motiveer telkens jou antwoord. (2)

7.3 Waarom is dit ironies dat juis Plank vir Greg aan sy hoofseunpligte herinner (reël 3 en 4)? (1)

7.4 Verwys na reëls 7 tot 11.

7.4.1 Wat is die skool se leuse? Watter verwagting word met dié leuse by die leser geskep? Watter kontras bestaan tussen Plank se woorde en hierdie verwagting ten opsigte van die skool se waardes? (3)

7.4.2 In watter opsig is Plank se woorde vooruitwysend na die inligting wat Greg oor Project Nursery Rhyme ontdek? Watter antwoord sou Greg moontlik later vir Plank gee ten opsigte van die vraag of sy pa die meeste geld vir sy hoofseunskap betaal het? (2)

7.5 Verwys na reël 11 en 12: "… Ek sluit my deur voor ek gaan slaap, try my."

Waarom sluit Greg later in die roman wel sy kamerdeur vir sy vriende? (1)

7.6 In reël 13 verwys Plank na die konflik tussen Greg en Kwanele.

Wat is die oorsprong van dié konflik volgens Greg EN Kwanele onderskeidelik? Wie, dink jy, blyk later in die roman reg te wees oor die rede vir dié konflik? Motiveer jou antwoord. (3)

7.7 Wat het die vorige middag gebeur sodat Greg dink die nuwe seun is "hardegat" (reël 19)? Op watter TWEE maniere manipuleer Eckardt vir Greg op die eerste skooldag om sy aanvanklike siening oor hom te verander? (3)

EN

TEKS B

Wat?! Hy het dan self iets te doen met Eckardt se verdwyning. Moet ek hulle sê? Sommer nou, sodat ons die ding kan oopkrap en kan uitvind waar presies Dok – om die inspekteur se woorde te gebruik – in die legkaart inpas?

Dit sal die maklike uitweg wees, weet ek. Maar ek is alreeds vandag tot nugterheid geruk toe ek so impulsief probeer het om by die rekenaarkamer in te kom. Hierdie keer sal ek moet dink. Wat sal ek sê en wat nie?

En terwyl hierdie gedagtes deur my kop maal, is daar een wat bo die ander na vore druk: Onthou, jy het computers gehack saam met Eckardt. Dit is onwettig. Jy sal met jou agterent in die tronk land. Jy sal fyn moet trap met hierdie vrae. Fyn genoeg dat hulle vir Eckardt kan kry. Maar ook fyn genoeg om vir jou eie wickets te keer.

En toe kom die vrae: Hoe, wie, waar, wat? Ek vertel dat ek en Eckardt bevriend geraak het vroeër die jaar. Dat hy nuut was in die skool. Ek het hom rondgewys. Ons was in dieselfde klasse, het dieselfde vakkkeuse gehad. Hy het nie juis belanggestel in rugby nie, maar hy het dit gekyk – nie gespeel nie. Hy het gehou van sport wat hy alleen kon beoefen. Soos draf. Dit het hom kans gegee om te dink, het hy gesê.

"Wat het jou laat besef dat daar 'n probleem is, Greg? Dat iets met Eckardt gebeur het?" vra inspekteur Cele.

"Hy het my nie kom wakker maak laas Donderdagoggend nie."

7.8 Wie het die vorige kere vir Dok Pienaar tydens Greg se ondervragings ingestaan? (1)

7.9 Verwys na reëls 1 tot 3.

Watter tipe verteller is hier aan die woord EN wat is die voordeel van dié tipe verteller in hierdie reëls? (2)

7.10 Verwys na reël 4 en 5: "Maar ek is alreeds vandag tot nugterheid geruk toe ek so impulsief probeer het om by die rekenaarkamer in te kom."

In watter opsig word Eckardt se invloed op Greg in hierdie gedagtes weerspieël? Verwys in jou antwoord na hoe Greg was EN hoe hy nou is. (1)

7.11 Verwys na die volgende uittreksels uit TEKS A en TEKS B.

TEKS A (reël 3 en 4): "Plank kom klop my wakker. 'Komaan Greg, die skool se hoofseun moet seker 'n voorbeeld stel vir ons ander ouens,' sê hy kamtig ernstig."
TEKS B (reël 18): "Hy het my nie kom wakker maak laas Donderdagoggend nie."

In watter opsig bewys Plank enersyds juis sy vriendskap deurdat hy vir Greg in TEKS A kom wakker maak EN gebruik Eckardt andersyds die wakkermaakritueel as 'n vorm van manipulasie? Op watter TWEE maniere was Eckardt se nie-wakkermaak van Greg (TEKS B) effektief? (4)
[25]

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Die beginsel van oorsaak en gevolg lei dikwels tot spanning in 'n roman.

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die hoofkarakter, Baas Dennis Chipman, se ervarings in sy verlede veroorsaak dat hy kies om 'n alleenpad te loop, MAAR hoe hierdie keuse telkens deur ander karakters se keuses beïnvloed word. **[25]**

VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS C

... "Daar is 'n vrou wat 'n baie goeie tolk vir muluti Krieseltjie sal kan wees. Sy kan Engels praat. Sy verstaan ook Afrikaans en het nie op die oomblik 'n man nie."
Die tolk sukkel met die g-klank.
"Verder is sy ook 'n Christen en haar naam is Grace. Muluti Joseph wat oorlede is, was haar oupa. Haar ouma is 'n Profeet van die Bybel. Grace het by die sendingstasie by haar oupa en ouma Essie grootgeword. Ná muluti Joseph se dood het Grace en haar ouma nog vir 'n lang ruk op Manaka gebly omdat die khuta gedink het dit sal nie reg wees om 'n Profeet van die Bybel van die sendingstasie af weg te jaag nie. Nou bly hulle by Mubuyu – die Plek van die Kremetarte.
"Hierdie Grace is ook 'n opgeleide verpleegsuster. Haar opleiding het sy in Windhoek en in Lusaka gekry. Ná haar oupa se dood was sy die suster in beheer van die kliniek by Manaka. Maar die kliniek het toegemaak omdat die regering nie meer geld het nie. Hierna is Grace en haar ouma Essie gevra om te trek omdat die khuta gedink het hulle sal miskien 'n huurder kry wat kan betaal vir 'n konsessie.
"Grace het nie nou 'n werk nie maar ongelukkig sal sy nie dadelik kan begin om 'n tolk te wees nie, want sy is nie nou hier nie. Wanneer sy terugkom, kan daar oor die geld gepraat word wat sy moet kry." ...

9.1 Verwys na reël 1 en 2.

Wie is hier aan die woord? Waarom kan Grace se ouma, na wie verwys word, Afrikaans praat? Skryf DRIE feite neer. (4)

9.2 "... en het nie op die oomblik 'n man nie." (Reël 2)

Evalueer die geregverdigheid van die besluit deur die khuta om Grace as tolk aan te bied en motiveer jou antwoord. Noem nog TWEE ander diskriminerende opvattings oor vroue binne die Lozi-kultuur. (3)

9.3 Verwys na reëls 10 tot 12.

Met Grace se opleiding in gedagte, waarom is Grace en Baas se eerste ontmoeting ironies EN hoe speel hierdie opleiding later 'n prominente rol in hulle verhouding? (2)

9.4 "... miskien 'n huurder kry wat kan betaal vir 'n konsessie." (Reël 14)

Wie het reeds aan dié verwagting van die khuta voldoen? Hoe word dié karakter ten opsigte van die huur van Manaka deur die khuta uitgebuit EN in watter opsig is dit vooruitwysend na latere uitbuitingsoptredes deur die khuta? (3)

9.5 "Wanneer sy terugkom, kan daar oor die geld gepraat word wat sy moet kry." (Reël 16 en 17)

Wie is later daarvoor verantwoordelik dat die khuta nie ook vir Grace inloop ten opsigte van hierdie betaling nie? (1)

EN

TEKS D

"Die man wat deur die Here uitverkies en gestuur is om die saadjie vir Hom te kom plant, was 'n jagter. My muluti Joseph Mulambwa se pa én sy oupa en die hele familie Mulambwas, vrouens, kinders, almal, die hele huis van daardie tyd se hoofindoena, is op een dag hier by Manaka onder hierdie worsboom in hierdie rivier gedoop. Miskien kan dit al honderd jaar terug wees as 'n mens daaraan dink dat my muluti Joseph se pa 'n kind was toe hy hier deur die jagter gedoop is.

"My muluti Joseph is as kind deur een van die sendelinge gedoop wat hier verby getrek het. So het sy pa ons vertel. Dit was baie jare ná die buffeljagter verdwyn het, toe versorg die Here nog altyd sy plantjie."

Ouma Essie sit haar hand op die Bybel wat sy op haar skoot hou. "Dis hoekom ek sê: Vir my is dit ook onmoontlik om nie te praat oor wat ek gesien en gehoor het nie. Dit is hoe dit is. En hoekom sal die Here nou sy hand wegvat net oor iets wat tussen mense gebeur?" Sy kyk tussen Baas en Griesel deur.

"Ek maak nie die Here nie. Die Here maak my. Die plek waar die sendelinge sal bly, sal daar by die kerk wees. Dit is die plek wat die Here deur die khuta aan hulle toegewys het. Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry. Tot daar weer 'n kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees. Daar bo is nie genoeg koelte om kerk te hou nie. Dit is wat die Here sê."

9.6 Verwys na reël 1 en 2.

9.6.1 Watter verwantskap bestaan tussen hierdie man na wie ouma Essie verwys en Baas? (1)

9.6.2 Met watter TWEE vrae probeer eers Grace EN later ouma Essie vir Baas manipuleer om te erken dat hy met 'n doel na Manaka gekom het? (2)

9.7 "Ouma Essie sit haar hand op die Bybel wat sy op haar skoot hou." (Reël 10)

Evalueer die rol wat die Bybel in die roman speel om ouma Essie se karakterontwikkeling aan te dui en motiveer jou antwoord. (1)

9.8 " 'En hoekom sal die Here nou sy hand wegvat net oor iets wat tussen mense gebeur?' Sy kyk tussen Baas en Griesel deur." (Reël 12 en 13)

Watter verskillende sienings het Baas EN Griesel oor die oorsprong van die konflik tussen hulle? Wanneer, dink jy, het hulle 'n keerpunt in hierdie swak verhouding bereik? Motiveer jou antwoord. (3)

9.9 Dink jy Baas en die Du Pisani's sou dit geloofwaardig vind dat ouma Essie die worsboom as die plek vir kerkdienste uitwys? Motiveer jou antwoord. Watter rol vertolk ouma Essie op Manaka soos deur haar optrede in hierdie uittreksel bewys? (2)

9.10 Watter tipe verteller is in TEKS D aan die woord EN wat is die voordeel van dié tipe verteller vir die roman? (2)

9.11 Verwys na die volgende uittreksels uit TEKS C en TEKS D.

TEKS C (reëls 12 tot 14): "Maar die kliniek het toegemaak omdat die regering nie meer geld het nie. Hierna is Grace en haar ouma Essie gevra om te trek omdat die khuta gedink het hulle sal miskien 'n huurder kry wat kan betaal vir 'n konsessie."
TEKS D (reël 8 en 9): "Dit was baie jare ná die buffeljagter verdwyn het, ..."

Beide Grace en ouma Essie was slagoffers van die Lozi-gebruike. Dink jy "die buffeljagter" sou homself ook as 'n slagoffer van die Lozi-stam se gebruike kon beskou? Motiveer jou antwoord. (1)
[25]

VATMAAR – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Die beginsel van oorsaak en gevolg lei dikwels tot spanning in 'n roman.

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe samelewingskwessies van daardie geskiedkundige era gelei het tot armoede en minderwaardigheid EN die uiteindelike ontstaan van Vatmaar. **[25]**

VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

Ek het jare later eers besef dat hulle die meel en brandewyn gesteel het, het Oom Flip gesê.

Die Jood het die baas Miester Swartz genoem. Nou sien julle waar ek my naam vandaan gekry het. Ek is deur en deur Filippus Swartz.

Oom Flip het 'n boepens gehad. Hy was aan die kort kant, maar nie baie erg nie, met 'n ronde agterstewe wat beweeg het as hy loop. Hy het 'n bles reg agter op sy kop gehad. Die grootmense het dit 'n wegholhou genoem. Hulle het gesê hy het met 'n bakleiery weggehol en toe word hy met 'n klip van agter af raakgegooi en dit het die merk gemaak. Hy het 'n ronde gesig gehad, altyd skoongeskeer met soos hy gesê het, sy eie Duitse skeermes. Een van sy voortande het makeer en as hy gelag het, kon 'n mens die poort tussen sy tande sien.

Oom Flip was onse enigste transport tussen Vatmaar en Du Toitspan. Sy trollie was altyd gelaai, of hy nou vertrek of teruggekom het. Hy het nooit reguit vir 'n passasier of vir 'n vrag geld gevra nie, net na die lisensieplaat wat met twee spykers aan die kant van sy bankie vasgekap was, gewys en gesê: Julle sien my transportlisens is twee sjielings 'n jaar. Ek moet dit op tyd betaal. Ek kan nie in die kantoor in die Pan my hand gaan lig soos julle met my maak nie.

Hy het gewoontlik so gesê as die mense al op die trollie sit. En voor hy wegtrek, het hy dan gesê: Dit is nie regverdig teenoor Ou Swaai nie. Sy kyk heeltyd of ek nie oorlaai is nie.

11.1 Waarom het Oom Flip nie agtergekom dat die meel gesteel word nie EN watter karaktertrek van Oom Flip word hierdeur bewys? (2)

11.2 Evalueer die houding waarmee Oom Flip in reël 4 sê: "Ek is deur en deur Filippus Swartz." Motiveer jou antwoord. (1)

11.3 Watter tipe verteller is hier aan die woord EN wat is die voordeel van hierdie tipe verteller? Wat, dink jy, is die doel waarom die verteller Oom Flip se bleskop en die afwesigheid van 'n voortand in soveel detail beskryf? (3)

11.4 Hoekom is dit enersyds geloofwaardig EN andersyds ironies dat Oom Flip 'n transportbesigheid in Vatmaar het teen die agtergrond van hoe hy Basoetoland verlaat het? (2)

11.5 Verwys na reëls 16 tot 20.

11.5.1 Met watter verwagting sê Oom Flip die woorde: "Ek kan nie in die kantoor in die Pan my hand gaan lig soos julle met my maak nie"? (1)

11.5.2 Wat word geïmpliseer met die woorde: "Dit is nie regverdig teenoor Ou Swaai nie"? Dink jy dit is effektief dat Oom Flip wag tot die mense al op die trollie sit voor hy hierdie woorde sê? Motiveer jou antwoord. (2)

11.6 Verwys na Ou Swaai. (Reël 19)

11.6.1 Waar kom die naam Swaai vandaan? (1)

11.6.2 Oom Flip se hantering van Ou Swaai bewys sy innerlike goedheid. Bewys hierdie stelling met TWEE feite. (2)

EN

TEKS F

Kom saam, Ouman, ek vrot al, sê Bet vir Flippus toe die ander gaan sit om te rus. Hou jy dop, ek moet was.

Sy het die rooi sakkie in die water gedruk tot die reuk uit was en hom weer teruggesit waar hy hoort. Flippus het niks gesien nie.

Siesie Lena en Janman se geld het al minder geraak, en hulle het geweet Bet en Flippus het glad nie meer geld nie en dat hulle eers weer sal hê as hulle die klippe verkoop. Jakob Kierie het al lankal reguit gesê: Ek het niks geld nie en ek is die verkoper, so julle moet vir my sorg.

Siesie Lena kon dit nie langer uithou nie. Toe Bet terugkom, sê sy: Gee my die klippe. Ek sorg al vir jou en Flippus vandat ons uit Bakerville uit weg is. My geld is amper op en dis net regverdig dat ek die klippe hou.

Ja, Bet, sê Janman, maak soos my ma sê.

Bet het gemaak of sy niks hoor nie. Toe haal Flippus 'n twaksakkie vol sikspense en sjielings uit sy knapsak. Dit was die geld wat Bet vir hom gesê het om van sy oubaas te steel, met die waarskuwing: Pas op dat hulle dit nie agterkom nie. En die Swartze hét dit ook nooit agtergekom nie.

Hy het die geld op die bank uitgekeer en sonder om te tel vier hopies gemaak. Hy het een hopie vorentoe gestoot en gesê: Vat, my Siesie, en toe die ander hopie vorentoe gestoot en gesê: Vat, my Neef.

Toe sê hy: Bet, ek dra die geld, jy werk met dit.

Wat 'n man, het Siesie Lena gedink, en tog so eenvoudig.

11.7 Wat is in die rooi sakkie (reël 3)? (1)

11.8 Wie, dink jy, het die meeste gewaag om die items in die rooi sakkie in die hande te kry? Motiveer jou antwoord. (1)

11.9 Herlees reëls 9 tot 12.

Janman en Siesie Lena het verwag dit sou maklik wees om Flippus te bedrieg.

Op watter TWEE maniere sou hulle probeer om beheer oor die rooi sakkie te verkry? Wat, dink jy, was die hoofrede hoekom hulle planne nie gewerk het nie? (3)

11.10 Herlees reël 21.

Watter houding ontlok die manier hoe Flippus teenoor Bet optree?

Gee enige DRIE beskrywings waarmee Flippus vir Bet ná die uittreksel beskryf om sy gevoel teenoor Bet te beklemtoon. (4)

11.11 Verwys na die volgende uittreksels uit TEKS E en TEKS F.

TEKS E (reël 1 en 2): "Ek het jare later eers besef dat hulle die meel en brandewyn gesteel het, het Oom Flip gesê."
TEKS F (reëls 5 tot 8): "Siesie Lena en Janman se geld het al minder geraak, en hulle het geweet Bet en Flippus het glad nie meer geld nie en dat hulle eers weer sal hê as hulle die klippe verkoop. Jakob Kierie het al lankal reguit gesê: Ek het niks geld nie en ek is die verkoper, so julle moet vir my sorg."

Hoe sluit beide uittreksels by die hooftema van die roman aan EN in watter opsig het die karakters in die roman hulle optrede met die titel van die roman geregverdig? (2)
[25]

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Die beginsel van oorsaak en gevolg lei dikwels tot spanning in 'n roman.

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Ma Elsa en Iris deur metodes om te ontvlug juis die spanning in hulle persoonlike lewens verlig. **[25]**

VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS G

"Dis so," het die Engel agter my beaam, maar ek het my nie aan hom gesteur nie omdat hy natuurlik nie regtig bestaan nie en bloot so opdringerig geword het omdat hy Peter se telefoongesprek afgeluister het.

"Waarheen nou?" het Joe gevra en self geantwoord. "Wat van die park? Ek kan mooi foto's van jou neem."

"Verskoon my," het ek beleef geantwoord. "Maar wat is hierdie beheptheid met foto's neem? Nie eens as baba is ek so gedurig afgeneem nie. 'n Derde kind se oulikhede is ou nuus en …"

"Jy't 'n interessante gesig. Ons kan iets daarvan maak."

Ek het 'n paar potensiële leuens agtermekaar gekry. Sou ek noem dat my ma by die hotel vir my wag? "My agent sal nie hiervan hou nie," het ek die swakste moontlike verskoning opgediep.

"Agent? Ek het nie geweet jy het een nie." Hy het die lensdop van die kamera teruggedruk. "Wie is hy? Ons kan 'n ooreenkoms aangaan."

"Sy naam is … wel, eintlik het ek hom nog nie ontmoet nie. Hy het my hierheen ontbied en ek eet vanaand saam met hom."

"Sies," het die Engel in my oor gesis.

"Jy lieg," het Joe vrolik gesê en my aan die arm gevat. "Kom, ons gaan park toe. Onder sy sneeukombers gaan dit mooi lyk."

Ek is saam, holderstebolder in 'n geel taxi in met twee groot plakkers teen die agterste sitplek. Die een het ons verbied om in die voertuig te rook en die ander een het ons vertel dat ons summier uitgesmyt sal word as ons met die bestuurder praat. Ek het my lippe opmekaar gedruk en gekyk hoe geboue en straatname wat ek uit bioskoopprente of televisiereekse leer ken het, in hulle normale, effens verweerde toestand by my verbyflits. Ek het gewonder waarom 'n naambord met "Fifth Avenue" op veronderstel was om meer opwinding te veroorsaak as een waarop "Kerkstraat" staan.

13.1 Verwys na reëls 1 tot 5.

Waar bevind Iris haar EN waarom is sy daar? Waarmee het die Engel saamgestem? (3)

13.2 "Ek kan mooi foto's van jou neem." (Reël 4 en 5)

Watter verwagting het Joe uiteindelik by Iris geskep? Op watter manier kontrasteer hierdie verwagting met Iris se insig in die slot van die roman? (2)

13.3 Iris het 'n afkeur van foto's volgens reëls 6 tot 8.

13.3.1 Watter opmerkings van Iris se ma EN haar pa onderskeidelik oor haar geboorte sou die verwagting skep dat daar juis baie foto's van Iris geneem sal word? (2)

13.3.2 Wat was Iris se idee oor haar rol in die gesin teen die agtergrond daarvan dat sy die derde kind is? Motiveer jou antwoord. (1)

13.4 Joe se opmerking: "Jy't 'n interessante gesig" (reël 9), sluit by Iris se karakter aan.

Evalueer die gepastheid van Joe se opmerking ten opsigte van sy motief met dié stelling. Motiveer jou antwoord. Noem ook TWEE karaktereienskappe van Iris. (3)

13.5 Verwys na reël 17.

Hoe het Iris van die Engel te wete gekom EN tydens watter geleentheid het hy vir die eerste keer met Iris gekommunikeer? Watter rol het Iris verwag moet die Engel in haar lewe speel? (3)

13.6 Joe se teenwoordigheid in Iris se hotelkamer lei tot konflik tussen haar en Peter.

Watter TWEE emosies by Peter was die oorsprong van hierdie konflik? Dink jy Peter het reg opgetree om uiteindelik 'n ultimatum aan Iris te stel? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (4)

EN

TEKS H

"Ek sou daar kon woon," het sy my vertel. "Polder Twee sal veilig wees."
"Die nijlpaarden vreet blykbaar nie honne op nie," het Johanna uit haar maag gelag.
"Ma kan nie vir Polder wegvat nie!" het ek gesê.
"Hoekom nie, darling?"
"Wat van my?"
"Jy het mos nou vir Peter."
"Peter is nie 'n hond nie."
"Haai, darling," het sy gesê. "Ek hoop nie so nie."
My skoonouers het 'n keer of twee by ons in die woonstel kom kuier, maar die oom (in my gedagtes was hy teen daardie tyd Die Oom) was nooit op sy gemak in my teenwoordigheid nie.
"Jou pa dink ek is 'n heks," het ek vir Peter gesê.
"Jy is," het hy geantwoord. "Hoe dan anders?"
Die Engel het nie inbreuk gemaak op ons lewe nie. Ek het hom nooit meer saans op die vensterbank gesien sit nie, maar laatmiddae, voor Peter by die huis gekom het, het hy dikwels by my in die kombuis gestaan en gesels. Somtyds het ek gewens hy was van meer praktiese hulp en kon byvoorbeeld help aartappels skil of hemde stryk, maar die meeste wat hy ooit gedoen het, was om die strykyster weer regop te sit ná ek dit plat laat lê en toe die telefoon beantwoord het. En dit was maar net een keer. Toe ek die vleis laat aanbrand het, het hy niks gedoen om te keer nie. Ek moes self leer, het hy gesê toe ek hom daaroor aanspreek, en buitendien was hy nie my kneg nie.
"Ek hou ook nie van vuur nie," het hy gesê. "Jy behoort dit te begryp."

13.7 Waarom gebruik Johanna 'n Nederlandse woord in reël 2 as sy oor die hond, Polder, praat? (1)

13.8 Verwys na reëls 3 tot 11.

13.8.1 Waarheen wil Iris se ma vir Polder wegvat? Watter stemming word deur dié gesprek geskep? (2)

13.8.2 Watter tipe verteller kom in dié uittreksel voor EN wat is die voordeel van hierdie tipe verteller binne hierdie konteks? (2)

13.9 Verwys na die volgende uittreksels uit TEKS G en TEKS H.

TEKS G (reëls 1 tot 3): " 'Dis so,' het die Engel agter my beaam, maar ek het my nie aan hom gesteur nie omdat hy natuurlik nie regtig bestaan nie …"

TEKS H (reël 14 en 15): "Die Engel het nie inbreuk gemaak op ons lewe nie. Ek het hom nooit meer saans op die vensterbank gesien sit nie …"

Dink jy die Engel en Iris het mekaar in die roman gemanipuleer? Motiveer jou antwoord deur na 'n voorbeeld in die roman ten opsigte van beide karakters afsonderlik te verwys. (2)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Map op verskillende maniere vanaf die eksposisie tot in die slot van die drama gekarakteriseer word. **[25]**

VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS I

CYRIL:	Rus jy dan nooit, ou dad?	
CAVERNELIS:	*(probeer vreedsaam verduidelik):* Ek werk hard.	
CYRIL:	Overtime, en Sondae oek. *(Dan baie geniepsig.)* Mister Cavernelis en Blanchie … Ja-nee, 'is true – julle is baie hardwerkende mense! Julle kyk mos neer op onse mense hier, julle wil mos hierso van ons af weg! Okay, 'is te verstane!	5
TOMMY:	Hê, stop 'it nou regtig, man! Stop 'it nou!	
CAVERNELIS:	*(hulpeloos, maar dreigend):* Julle laat staan vir Blanchie!	
CYRIL:	En hoekom nogal? 'Is mos die waarheid. Blanchie werk oek mos overtime, even Sondae oek! Net soes jy, ou dad … jy moet jou soft goods en Blanchie, well … Maar nou ja, geld is geld – it knows no colour, creed or race, soes daai whitey-vrinne van julle oek sê! *Mister Cavernelis staan net daar met die fiets, sy lippe beweeg, maar hy sê niks.*	10
RICHIE:	Dis colour-blind, ja.	15
CAVERNELIS:	*(met lippe wat bewe):* Wat het julle teen Blanchie, hê? Wat het julle teen haar? *TOMMY, wat moeilikheid sien kom, kom nader en staan tussen Cyril en Cavernelis.*	
TOMMY:	Ek sê, stop 'it nou, man!	20
CYRIL:	*(oor Tommy se kop)*: Nee, nie tien Blanchie nie, ou dad, nie tien háár nie, dis tien jóú …	
TOMMY:	Hê, kamaan, man …	
CAVERNELIS:	Wat meen jy? Hê? Wat bedoel jy, teen my? *(Hy sit die fiets stadig neer, plat op die grond, dreigend.)*	25
CYRIL:	Mind jou suitcase, ou dad. Netnou kry die soft goods seer.	
CAVERNELIS:	Jy's 'n va … 'n bliksem, jy!	
CYRIL:	Sê ma' vark, ou dad. Dan praat jy mos onse taal, hierso vannie township, mister Cavernelis. Dán kan ons same praat ...	

15.1 Met watter woord in reël 1 probeer Cyril vir Cavernelis uitlok? (1)

15.2 Waarom is dit "te verstane" (reël 6) dat Cavernelis uit die township wil wegkom? Noem DRIE feite. (3)

15.3 Wat, dink jy, is die dramatiese doel van Tommy se woorde in reël 7? Noem TWEE geleenthede waartydens Tommy eerder moes stilgebly het. (3)

15.4 Die neweteks in reël 8 is funksioneel ten opsigte van Cavernelis se karakter.

Bewys hierdie stelling met TWEE situasies uit die drama waarin dié TWEE karaktertrekke van Cavernelis afsonderlik na vore kom. Watter karaktereienskap van Cyril kan afgelei word vanuit sy retoriese vraag in reël 9? (3)

15.5 "geld is geld" (Reël 11)

Bewys uit die drama, met praktiese voorbeelde, dat Maud EN Cavernelis hierdie sienswyse van Cyril oor geld ondersteun. Identifiseer 'n ander karakter wie se siening oor geld van die begin tot die einde van die drama verander. Wat, dink jy, is die oorsaak van hierdie verandering? (4)

15.6 "– it knows no colour, creed or race, soes daai whitey-vrinne van julle oek sê!" (Reël 11 en 12)

Wat is die geïmpliseerde betekenis van Cyril se woorde wanneer Blanchie se "hardwerkendheid" in ag geneem word? (1)

15.7 Verwys na reël 21 en 22.

In watter opsig is dit enersyds geregverdig EN andersyds ongeregverdig dat Cyril alleenlik vir Cavernelis blameer? (2)

15.8 Is die toneelaanwysings in reël 24 en 25 funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

15.9 Evalueer of die dramaturg in reël 27 daarin slaag dat die leser simpatie vir Cavernelis ontwikkel. Motiveer jou antwoord. (1)

EN

TEKS J

CYRIL:	Smaak jy vir speel?	
TOMMY:	Nei, man, anner keer …	
CYRIL:	Maar ek het dan gedink sy gaat oversea ...	
TOMMY:	Ek oek ... Anyway ... Maar 'is seker nie onse biesagheit nie ...	
CYRIL:	*(lag)*: 'Is soes jy sê, ou Tommy ... So ... hulle siet mekaar weer, Blanchie, en Map Jacobs die bastard!	5
	Die lig verander. Doof uit.	
	Doof in: Blanchie en Map. Blanchie totaal verward en huilend.	
	Op 'n afstand van mekaar.	
BLANCHIE:	*(bewend)*: Dis ... Johnnie ... dis Daddy! Daddy! Jy ... kom ... help. Dis Daddy!! Daddy!! Daddy!! *(Sy skreeu.)*	10
MAP:	*(staar)*: Blanchie …	
BLANCHIE:	Johnnie! Dis Daddy!!	
MAP:	*(probeer haar kalmeer):* Hê, Blanchie ... Lyster nou eers ... Blanchie ...	
BLANCHIE:	*(snik, praat dan):* Daddy! ... Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie ... Toe ... loop hy net ... weg ... net ... loop hy net ...	15
	Map sit sy arm om haar, maar asof dit 'n elektriese skok is, ruk sy haar weg.	
BLANCHIE:	Nee!	20
MAP:	Okay ... Okay ...	
BLANCHIE:	*(van haar wysie af):* Nie okay nie ... Shuddup!! Dis Daddy!!	
MAP:	*(skreeu nou):* Blanchie! Sal jy stilbly! *(Hy gryp haar vas.)*	
BLANCHIE:	Dis Daddy! *(Sy worstel in Map se greep.)* Los my!	
MAP:	*(hard met haar):* Sal jy ... sal jy stilbly! ... *(Dan sagter.)* Blanchie ... Blanchie ... *(Sy verslap in sy arms.)* Blanchie ...	25
BLANCHIE:	Johnnie ...	
MAP:	Daar's ... niks wat ons kan doen nie ... Blanchie ... Dit ... moet nou ... so gebeur ...	
BLANCHIE:	Daddy ... Ek weet ... ek ... *(Dan skielik, hard.)* Johnnie ... Wat het ... met ons gebeur ...	30

15.10 Verwys na reël 3.

Waarom het Blanchie se planne om oorsee te gaan, nie gerealiseer nie? Met watter sentrale tema van die drama verbind die mislukking van haar planne? (2)

15.11 Hoe verander die stemming in reëls 25 tot 30? In watter opsig dra Cavernelis se dood tot 'n positiewe slot vir die drama by? (2)

15.12 Verwys na die volgende uittreksels uit TEKS I en TEKS J.

TEKS I (reëls 27 tot 29): "Jy's 'n va … 'n bliksem jy!
Sê ma' vark, ou dad. Dan praat jy mos onse taal, hierso vannie township, mister Cavernelis. Dán kan ons same praat …"
TEKS J (reëls 15 tot 17): "Daddy! ... Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie ... Toe ... loop hy net ... weg ... net ... loop hy net ..."

Identifiseer dieselfde emosie by Cavernelis wat tot sy optrede in TEKS I en TEKS J lei. Watter bydraende rol het Blanchie tot Cavernelis se optrede in TEKS J gespeel? (2)

[25]

MIS – Reza de Wet

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Meisie op verskillende maniere vanaf die eksposisie tot in die slot van die drama gekarakteriseer word. **[25]**

VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS K

MIEM:	… Liggies! Jy weet ek het jou verbied!	
MEISIE:	Ja, Ma. *(Steek die garing deur die naald, gee dit vir MIEM en gaan sit vinnig)*	
	Die sagte huilwind verdof en verdwyn dan.	
MIEM:	*(skud haar kop en sug. Gaan sit swaar en begin weer werk. Skielik hard na die stilte terwyl sy met 'n vinger na die venster wys)* Dit is 'n euwel!!	5
MEISIE:	*(sag)* Ja, Ma.	
MIEM:	En dan wil jy nog kyk!	
MEISIE:	*(vinnig)* 'skuus, Ma.	10
MIEM:	Het jy geen skaamte nie?	
	MEISIE laat haar kop sak.	
MIEM:	Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!	
MEISIE:	*(sag)* Ek onthou, Ma.	15
MIEM:	Dit het my 'n knou gegee! Van toe af voel ek baie erger!	
MEISIE:	*(wil huil)* Ek is jammer, Ma.	
MIEM:	En na alles wil jy nog kyk!	
	MEISIE huil sag.	
MIEM:	Toe nou. Wat verby is, is verby. *(Kort stilte)* Gaan aan met jou werk. *(Skud haar kop en sug hard deur haar neus)* Ja, die ligsinniges. *(Wys weer na die venster)* En op so 'n aand. Hulle wil mos nie glo nie. Dit sou hulle verdiende loon wees as een van hulle dogters vannag die slagoffer is!	20
	Harde nies op die solder.	25
MIEM:	*(fluister)* Ek hoop nie hy word siek nie. Laas lente het hy vir 'n maand lank gehoes. Ek bekommer my tog só. As dit net wil warm word. *(Skielik temerig en byna pateties)* Soos 'n mens ouer word, word die bloed dun. Elke jaar, word dit al swaarder om die winter te verduur.	

17.1 Na watter "liggies" verwys Miem in reël 1? Watter karaktertrek van Miem kom in haar woorde na vore? (2)

17.2 Op watter TWEE maniere sluit die neweteks in reël 2 en 3 by die titel van die drama aan? (2)

17.3 Watter stemming word deur die verwysing na die "huilwind" (reël 4) geskep? (1)

17.4 "Dit is 'n euwel!!" (Reël 6 en 7)

By watter tema van die drama sluit Miem se siening van die sirkus aan? Dink jy Gertie EN Konstabel deel onderskeidelik Miem se gevoel oor die sirkus? Motiveer jou antwoord. (3)

17.5 Verwys na reëls 8 tot 10.

Miem se hantering van Meisie in hierdie reëls skep die verwagting dat Meisie 'n moontlike volgende slagoffer kan wees. Watter VIER oordeelsfoute maak Miem gedurende die aand ten opsigte van Meisie se veiligheid? (4)

17.6 Na watter insident verwys Miem in reël 13 en 14? Noem enige TWEE ander optredes waarmee Meisie opstand teen haar situasie toon. (3)

17.7 "*(fluister)* Ek hoop nie hy word siek nie. Laas lente het hy vir 'n maand lank gehoes." (Reël 26 en 27)

Evalueer Gabriël se rol in Miem en Meisie se lewens ten opsigte van hulle lewensomstandighede. Motiveer jou antwoord. (2)

17.8 Verwys na reël 26 en 27.

Teenoor watter ander karakter het Miem op dieselfde simpatieke manier as in reël 27 opgetree? Slaag die dramaturg daarin om met Miem se woorde simpatie vir Gabriël by die leser te wek? Motiveer jou antwoord. (2)

EN

TEKS L

MEISIE:	Eers was ons baie ryk. 'n Hoed en 'n rok vir elke dag. En nou … Ma sê die mense bejammer ons. *(Byna verdedigend)* Elke jaar koop my ma vir my 'n nuwe rok. *(Treurig)* Maar net een op 'n slag. *(Sag en droewig)* Dit word gou dun … en uitgewas. *(Sag)* Ek skaam my.	
KONSTABEL:	*(met innige meegevoel)* Ek is jammer, Juffrou.	5
MEISIE:	*(skielike laggie)* Dis snaaks. Niemand het my nog so genoem nie. *(Weer 'n laggie)* Juffrou.	
KONSTABEL:	Wel … ek sou verkies om u op u naam te noem. Mag ek vra wat u naam is?	
MEISIE:	*(skaam)* Meisie. *(Vinnig)* Maar dis nie my regte naam nie.	10
KONSTABEL:	En wat is dit? Jou regte naam?	
MEISIE:	*(baie skaam)* Margareta.	
KONSTABEL:	*(innig)* Jy't 'n mooi naam, Margareta.	
MEISIE:	*(hou hom onderlangs dop. Na 'n stilte)* Ek het nog 'n naam.	

KONSTABEL:	Wat is dit?	15
MEISIE:	Johanna. *(Lag skaam. Staan op en beweeg na die venster terwyl sy sing-praat)* Margareta, Johanna, Margareta, Johanna, Margareta, Johanna. *(Laggie. Trek die gordyne effens opsy en loer deur)*	
KONSTABEL:	Waar is u nou, Juffrou?	
MEISIE:	*(besig om te loer. Opgewonde)* Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!	20
KONSTABEL:	Die sirkus.	
MEISIE:	Ja. *(Draai na die KONSTABEL. Skielik vreesbevange)* Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief.	
KONSTABEL:	Ek sal nie.	25
MEISIE:	Belowe. Belowe eers.	
KONSTABEL:	Ek belowe.	
MEISIE:	*(duidelik verlig)* En ek sal nie weer kyk nie. Regtig nie.	
KONSTABEL:	Ek gee nie om nie. Ek hou ook van die sirkus.	
MEISIE:	*(opgewonde)* Het u dit al gesien? *(Skielik skaam)* Ek … is jammer.	30

17.9 "Dit word gou dun … en uitgewas." (Reël 4)

Hoe verskil Meisie se aannemingsrok wat sy in die slot van die drama dra, van haar ander rokke? (1)

17.10 Verwys na reël 10.

Evalueer die rol wat Meisie se noemnaam, Meisie, in haar menswees speel. Motiveer jou antwoord. (1)

17.11 Waarom kan aangevoer word dat Konstabel vir Meisie met sy vraag in reël 19 subtiel manipuleer. Gee TWEE redes. Op watter ander manier manipuleer Konstabel vir Meisie later in die drama? (3)

17.12 Verwys na die volgende uittreksels uit TEKS K en TEKS L.

TEKS K (reëls 20 tot 22): "Toe nou. Wat verby is, is verby. *(Kort stilte)* Gaan aan met jou werk. *(Skud haar kop en sug hard deur haar neus)* Ja, die ligsinniges. *(Wys weer na die venster)"*

TEKS L (reël 20 en 21): *"(besig om te loer. Opgewonde)* Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!"

Hoe verskil die dramatiese doel agter Miem se wys na die venster (TEKS K) van Meisie se uitkyk by die venster (TEKS L)? (1)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou